## 1.6 PRENTJIE: ITEMS WAT DUI OP BELANGSTELLINGS/STOKPERDJIES

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Voorbeelde: beoefening van stokperdjies; belangstellings; talente in verskillende/spesifieke dinge; sport; musiek; fotografie; kookkuns, ens. Die kandidaat kan op net een/meer as een van/al die items fokus.
- Figuurlike interpretasie: Voorbeelde: die waarde van stokperdjies; leef jou talente uit; ontspanning; doen dinge waarvan jy hou; gesonde vryetydsbesteding; loopbaankeuses; leer om nuwe dinge te doen, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

## 1.7 PRENTJIE: DIE VIER SEISOENE

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Voorbeelde: kenmerke van die vier seisoene; aktiwiteite wat ons in die verskillende seisoene doen; seisoen waarvan ek die meeste/minste hou, ens. Die kandidaat kan op net een van/meer as een van/al die seisoene fokus.
- Figuurlike interpretasie: Voorbeelde: die seisoene van my lewe; die gang van die natuur; figuurlike betekenis van bv. somer of winter in my lewe waarby emosies betrek kan word; waardering vir die onderskeie seisoene, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

## 1.8 PRENTJIE: TWEE KINDERS WAT LEES

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Voorbeelde: twee kinders wat onder die boom sit en lees; om buite in die natuur te wees; lees vir ontspanning; dit wat kinders lees, ens.
- Figuurlike interpretasie: Voorbeelde: die waarde van lees; sinvolle aktiwiteit vir kinders; alleen-wees, maar ook saam-wees; waardering en respek vir boeke; verskillende leesstyle; negatiewe impak van die gebrek aan lees; gewone boeke vs. e-boeke, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
22 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**

- Die taal en styl van die e-pos is formeel, bv. die bestuurder van die hotel word as "u" aangespreek. Aanvaar ook "jy/jou".
- Die toon is ondersoekend om die skrywer se navrae te ondersteun. Dit getuig van hoflikheid.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die skryfstuk vereis.
- Grammatika:
    - Sinne word korrek gebou.
    - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
    - Spelling is korrek.
    - Vermy die gebruik van onnodige leestekens, bv. hoofletters en uitroeptekens.
    - Vermy die gebruik van afkortings, verkortings, sleng, emotikons/ emoji's en ander informele terminologie.

**[30]**

## 2.3 AGENDA EN NOTULE

**FOKUS**

Die kandidaat skryf die **notule** van 'n vergadering. Daarin word die beplanning van die Sokkerkomitee se beplande toer na Lesotho, genotuleer.

**KENMERKE**

- Die notule se formaat is duidelik herkenbaar.
- Die aanslag is formeel en saaklik.
- Die doel van hierdie teks is om verslag te lewer oor 'n vergadering.
- Die skrywer notuleer die besluite wat tydens die vergadering geneem is, objektief.
- Anders as in Engels, word die notule in die teenwoordige tyd geskryf.
- Die notule word slegs in die toekomende tyd geskryf wanneer daar verwys word na take wat uitgevoer moet word.
- Die naam van die persoon wat vir elke taak verantwoordelik is, asook die datum waarop die taak afgehandel moet wees, moet verskaf word.
- Die notule word in die derdepersoon geskryf.
- Feite of inligting moet korrek wees.
- Dit is kort en bondig.
- Die notule behoort 120–150 woorde te hê.

APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**

- Die inhoud van die notule moet die fokus ondersteun.
- Die idees/inligting is logies, geloofwaardig en duidelik uiteengesit.
- Net die nodigste detail word gebruik om die idees uit te brei.
  - Die datums van die toer
  - Die toerplan
  - Koste verbonde aan die toer (finansies)
  - Verblyf
  - Etes
  - Vervoer
  - Oefentye
  - Datums van wedstryde
  - Klere en toerusting
  - Nodige dokumentasie

**FORMAAT**

- Die inligting word puntsgewys en in die volgorde, soos aangedui in die agenda, gegee.
- Die notule mag subopskrifte (soos in die agenda) hê.
- Die naam van die voorsitter en die persone verantwoordelik vir spesifieke take, moet telkens gegee word.
- Die afsluiting van die vergadering is die slot van die notule.
- Die notule kan deur die voorsitter onderteken en van 'n datum voorsien word.

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**

- Die taal en styl van die notule is formeel.
- Die toon is saaklik en informatief.
- Die notule word in die bedrywende en lydende vorm geskryf en die woorde/taal moet eenvoudig/maklik verstaanbaar wees.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat. Emosioneel gelaaide woorde is onvanpas.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.

**[30]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
22-05-2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

